

9 September - PSALMS

**Skrif- en Fokusgedeelte: Psalm 118:14; Eksodus15:2; Jesaja12:2;
Jakobus 5:13**

Letterlik is 'n Psalm 'n lied. Dit is 'n lied wat met jou praat oor God of wat praat met Hom oor sy handewerk in jou lewe.

Die hart van die digter bars oop van emosie in vreugde en in leed, in smart en in oorwinning. Jou menswees word oopgekloof met die rouste emosie wat spruit uit jou omgang met God. Elke Psalm getuig daarvan hoe God jou raak. Hoe Hy jou Oorsprong en jou Bestemming is.

Dit is die lied van 'n mens wat die lewe sien en ken soos wat God Hom aan jou bekendmaak. Dit span die kroon oor jou lewe heen en gee betekenis aan jou wense en verwagtings. Die lewensvolheid kom altyd voor jou oog, omdat die lewensbaan volledig afgemerk is: geboorte, lewensjare, lewensmaats, kinders, verlede en toekomsverwagting.

Daarom is die grondlyn van elke Psalm die koningskap van God in jou lewe, is Hy die inhoud en die perspektief van elke lied, sing die Psalm van God wat is, die Seun wat kom en regeer, en die Heilige Gees wat jou bystaan in geloof, op jou pad terug na God en in jou nabyheid by Hom.

Die Psalms worstel met die grootste lewensraaisels en bring jou antwoord aan die voete van God. Dit juig van blydschap oor 'n oopgeskeurde hart waarin geen wegkruipplek meer oor is nie, omdat God se oog sien daar waar jou gedagtes word.

Die Psalms praat met 'n padlangse ywer wat van jou sleepvoet 'n ligvoet maak. Dit laat jou sien en juig oor God se bemoeienis en die wete dat Hy jou, sy kind, nooit uitlos nie, maar dat Hy jou saamneem en soms saamsleep, en jou eendag opneem in sy heerlijkheid as die leed van jare deurlig is.

Die vreugde omhels jou, omdat jy deurentyd naby God is!

Sing: Psalm 147:3 en 7 (1936-beryming)

Ds SD de Kock (Potchefstroom-Suid)